# KOMMUNIKAMMA 26 OKTOBER

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 26 Oktober**
**Hervormingsfees**
**10de Maand Dankoffer**
**08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK (Hierdie Sondag nooi ons spesifiek Graad 7 leerders uit)**

**Baie geluk aan Ds Toit en Odette Wessels wie se seuntjie, Jean-Henry, vandag gedoop word.**

**Skriflesing:** Jeremia 32:1-15
**Tema:** Gelowiges gryp geleenthede

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Sinodale Dankoffer: Hulp aan Gemeentes**
Behoeftige gemeentes wat 'n werkbare groei-strategie kies, word finansieel bygestaan, behoeftige gemeentes word gehelp om bedieningsprojekte aan te pak of word finansieel ondersteun.

**Maandag 27 Oktober**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**17:30 MUSIEKBEDIENING**
**18:00 GEMEENTEBEDIENING**

**Woensdag 29 Oktober**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Vrydag 31 Oktober**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**Sondag 2 November**
**09:00 NAGMAAL**
**10:30 SAWUBONA SONDAG (‘n Unieke bederf geleentheid vir ouers met kinders 5 jaar of jonger)**
**18:00 LEEF@KERK (‘n ruimte vir Graad 8-12 kinders)**

**GEBEDSAKE:**

- Die laaste kort kwartaal van die jaar:
  VIA en Fonteinvriende afsluiting
  Kerssangdienste
  Musiek- en Gemeentebediening Diensterrein vergader môre aand.
- Matrieks en almal wat eksamen skryf.
- Beplanning vir 2026.
- Marzane Mc Cleland se ma, sy is ook Trevor Derbyshire se suster, is skielik oorlede.
- Buddy van der Merwe wat siek is. Vir sy vrou Marlize en familie.
- Judy Hattingh se suster het ‘n beroerte gehad.
- Al meer mense, ook in ons gemeente, wat materieel swaarkry. Dit lei dikwels ook tot geestelike en emosionele swaarkry.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Vir Goddelike ingrype.
- Dat die vredesproses in die Midde-Ooste sal slaag.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Bid saam met die klein persentasie gelowiges sodat hulle steeds in getalle sal groei en vas sal staan in hulle geloof te midde van vervolging in **Kyrgyzstan**.

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**
FEBA Tsjad verkonding die Goeie Nuus getrou in N’Djamena se omgewing en luisteraars is gretig om aan die gebedsprogram deel te neem. Meeste versoeke gaan oor gebed vir werk. Hoewel Tsjad een van die laagste werkloosheidsyfers in Afrika het, is dit een van die mins-ontwikkelde lande ter wêreld en die gemiddelde inkomste is baie laag. Bid dat FEBA Tsjad luisteraars sal help om God se koninkryk te soek en hul geloof in Hom sal plaas om in hul behoeftes te voorsien.

**OPSOEK NA TABLET IN WERKENDE TOESTAND**
Ons is opsoek na ‘n tablet vir ‘n 8-jarige dogtertjie wat ‘n beroerte gehad het. Sy moes skool staak vir nou en het stimulasie nodig. Indien jy kan help ,kontak met Elzabe Snyman by sel: 083 949 7565.

**WERK GESOEK**
‘n Middeljarige vrou in ons gemeente met boekhou ervaring soek dringend werk. Vir navrae of om haar CV te bekom, kontak met Piet Spies by sel: 084 491 1213.

**TIENDEMAAND DANKOFFER**
Ons tiendemaand-dankoffer is 'n geleentheid om die Here te dank, die gemeente se bediening te ondersteun en hoop aan ander te bring. Laat ons, as God se fontein van liefde, saam dien - dankbaar, blymoedig en tot eer van die Here!
Hoe werk die tiendemaand insameling?

1. Jy kan in die voorportaal van die kerkgebou of die kerkkantoor ‘n tiendemaand dankofferkoevert kry wat jy enige tyd kan inbetaal, in die dankoffersakkie kan gooi of by die kerkkantoor kan inhandig. Vandag is ons amptelike 10de maand dankoffer sondag.
2. Jy kan ook ‘n elektroniese inbetaling in die rekening van die gemeente doen: NG Kerk Kraggakamma, Absa Bank rek nr.1400590091, Tjek Rek, Tak 511 917. Jy moet dit asb. duidelik merk as tiendemaand bydrae.

Ons begroot hierdie jaar vir R330 000 vir die Tiendemaand dankoffer en wil graag die insameling teen einde November afsluit. Dankie vir jou dankbare diens, harde werk en bydraes deur die jaar.

**PE NOORD BASAAR**

PE Noord hou op Saterdag 8 November basaar en benodig bestanddele en hulp met die maak van pannekoeke en poedings. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) indien jy kan help.

**STELLA LONDT AFTREE-OORD HOU BAZAAR**

Stella Londt Aftree-oord hou op Saterdag 1 November om 09:00 hulle jaarlikse basaar. Op die spyskaart is Potjiekos, Pannekoek, Boerwors- en sosatierolle, koek en koffie, gebak tafel asook 'n witolifant tafel.
Maak solank 'n nota in jou dagboek en gaan kuier heerlik saam.

**SAWUBONA SONDAG**

'n Unieke bederf geleentheid vir Kraggakamma Gemeente ouers met kinders jonger as 5 jaar.
Kom kuier saam met ander ouers en jong gesinne vir 'n lekker dag in die natuur!

📅 Datum: Sondag 2 November 2025
📍 Plek: Kragga Kamma Game Park – braaigeriewe
🕙 Tyd: Direk Ná kerk — vanaf 10:00. (Ons mik om almal 10:30 in die park te wees)
💰 Koste: Jou eie ingangsfooi by die park
R150 per volwassene R75 per kind (3–17 jr) 0–2 jr gratis
🥩 Ons ontmoet mekaar by die braaigeriewe.

Van die kerk af sal ons sorg dat daar vir elke kind 'n bederf boksie is, en 'n boereworsrol vir elke besoeker.
Bring gerus ook jou eie braaivleis, piekniek mandjie, piekniek kombers en goeie geselskap vir 'n heerlike kuier!

Vir enige navrae kontak Nadine Grobler (072 911 5438) of Riette van Loggerenberg (083 320 1850)
Vir meer inligting kontak

**FONTEINVRIENDE SOMER-KERSFEES**

Al die afgetrede mense is welkom om 'n oggend van musiek en 'n heerlike middagete te kom geniet op Donderdag 13 November om 10:03 by die kerksaal. Indien jy vrae het of nog nie aangedui het dat jy kom nie, kontak asb met Linda Rossouw by sel: 082 402 4396.

**ViA AFSLUITING**

Die dames van die gemeente word uitgenooi na die ViA afsluitings-funksie wat op Maandag 3 November plaasvind.
Angel Wings Pottery kom die dames wys hoe om hulle eie funksionele bordjies te verf.
Die koste is R 300.00 per pesoon wat die bordjie insluit.
Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) vir meer besonderhede of om jou kaartjie te koop.

**GOD'S KAROO WOMEN KONFERENSIE 2025**

Die God's Karoo Women Konferensie vind 31 Oktober 2 November 2025 by die Mentors Country Estate in Jeffreysbaai plaas. Die registrasiefooi hierdie jaar slegs R250 per persoon. Die sprekers is Michelle Eybers, Lindie Strydom en Ivor Swarts. Besoek www.godskaroowomen.co.za vir meer inligting of registrasie of kontak 071 398 6397 of Felicity Murray (073 240 9043) indien jy enige navrae het.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**KERSMARK**

Die gemeente bied op 14 en 15 November 'n Kersmark in die kerksaal aan. Ons is tans besig om stalletjies te verkoop. Stalletjies is beskikbaar teen R 250.00 elk wat 'n tafel en twee stoele insluit. Die inskrywingsvorm is by die kerkkantoor en op die webwerf beskikbaar. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) of die kerkkantoor vir meer inligting of om jou stalletjie aansoek in te dien.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 26 Oktober | Debbie Jansen van Vuuren, Anne Louw, Jean-Mari Mulder, Jacques Terblans en Dominique van Niekerk |
| 27 Oktober | Stephen Aylward, Dewan Bezuidenhout, Chris Smith en Liané Vlok |
| 28 Oktober | Adéle Boshoff, Danie Cronjé, Pieter de Bruin, Lynette Rust en MJ van der Merwe |
| 29 Oktober | Etienne Janse van Rensburg |
| 30 Oktober | Charmaine de Klerk, Derek du Plessis, Phillip Kemp, JD le Roux en Jacob van Zyl |
| 31 Oktober | Lydia Grobler, Lynette Lotter, Christiaan Ludick, Marthinus Nienaber, Anke-Mari Roets en Annalien van Rooyen |
| 1 November | Thabo Botha, Stefan Gerber, Leah Hedderwick, Lucil Hiscock. Piet Kruger en Areta Potgieter |

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005